Ons Leipie Ratte Rol Reg

Laerskool Louis Leipoldt

26 Maart 2021

Tel no: 012-664 5798/9
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

UIT DIE KANTOOR:

NB: Die skool sluit **Donderdag 1 April om 12:00** vir die Paasnaweek. Ons wens al ons ouers, leerders en personeel 'n veilige en geseënde Paasnaweek toe.

Ouers moet asb nie leerders in skooltyd vir afsprake kom haal nie, dit maak inbreek op onderrigtyd en ontwrig die klas. Afwesighede veroorsaak ook baie probleme deurdat assessering wat misgeloop word, baie moeilik ingehaal word. Leerders mis ook die belangrike voorbereiding vir assessering wat gapings in kennis tot gevolg het.
Indien 'n leerder afwesig was, is dit die leerder se verantwoordelikheid om werk wat gemis is by die verskeie onderwysers te gaan haal.

Ouers moet asb indien 'n leerder afwesig is 'n epos stuur aan *admin@louisleipoldt.co.za* met 'n sieknota/rede vir afwesigheid.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Alle ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/epos gestuur word. Dit neem u na die "Appstore" waar u dan met die "token" wat deel van die skakel is moet registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie. NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/epos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/eposse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus GEEN verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Neem asb kennis dat inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting geplaas word op die webblad en die kommunikeerder (D6). Die kommunikeer is 'n toepassing wat u op die selfoon of rekenaar kan aflaai.

KOOROUDISIES:
7 April Gr 2, Gr 6 & 7
14 April Gr 3, Gr 4 & 5
Gr 4-7 om 13:45 in die saal. Leerders tree buite by sydeur in graadverband aan.
Gr 2-3 om 13:30 - 14:00 in Me Angelique Coetzee se klas.
Gr 4-7 leerders kan van Maandag 29/03, hulle name by juffrou Sandri se klas kom afmerk.

FOTOBRIEFIES:
Bestelvormpies vir individuele foto's wat by die skool geneem is, is op 9 Maart aan leerders uitgedeel. Maak asb seker dat u dit ontvang het, die briefies raak maklik verlore. Neem dadelik 'n foto met u selfoon, dan het u die unieke nommer en webadres beskikbaar wanneer u wil bestel. Bestellings word gedoen deur op die fotograwe se webwerf te gaan, registreer, en maak dan oop deur u kind se unieke bestelnommer te gebruik. Die pakket bestaan soos voorheen uit 2 x A5 foto's en 'n aantal kleiner foto's. Die pakket sluit die klasfoto van die jaar in. Die foto's word op kwaliteit fotopapier gedruk. Sien die stappe vir die bestelling op die fotobriefie. Moet asb nie in die skool se rekening betaal nie. Die foto's word by die skool afgelewer. Herinner asb u kind daaraan om die foto's in 'n stewige boek te verpak sodat dit veilig tuis aankom.
LW: Die sluitingsdatum vir bestellings is 13 April. Maak seker dat u bestel voor die webbladsy vir bestellings sluit. Ouers kan ook 'n magneet, muismatjie, waterbottel of koffiebeker met die leerder se foto op bestel.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses. Gr R & 1 ouers het 'n koevert met MySchool kaart en registrasievorm ontvang. Stuur asb die voltooide registrasievorm terug skool toe en ondersteun ons skoolfonds deur die kaart te gebruik by deelnemende winkels. Indien u nie belangstel nie, stuur asb die koevert met die kaart terug skool toe sodat ons aan ander ouers kan gee.

MASKERS:
Ouers moet asb toesien dat leerders se maskers korrek pas, en nie te groot of te klein is nie. Wys leerders asb ook op die korrekte manier om die maskers te dra.

Prestasies

Indien daar enige oud Leipies is wat op enige wyse presteer, wil ons graag daarvan weet. Kontak ons by **bemarking@louisleipoldt.co.za**

AKSIENETBAL*:* Die volgende dogters is in Gauteng Noord o/12 Aksienetbalspan ingesluit vir 2021: Amoné Roux, Hannah Plew, Danay Storm, Mia Janse van Vuuren, Iske Cilliers.

AKTV Redenaars: Geluk aan die Leipie-redenaars wat gaan deelneem aan die ATKV kompetisie.
Graad 1-3
Helena Schabort, Ruan van Zyl, Erich Mocke, René Ferreira, Illenay v/d Westhuizen, Milla v/d Westhuizen
Graad 4-5
Lara van der Poll, Chanene Barnard, Genna Claassen, Dione Odendaal, Lee Hane Mienie, Tshepang Ledingwane
Graad 6-7
Vian van Breda, Marcel de Waal, Giandré Claassen, Mia Schabort, Dieneke Beukes, Maaike Koegelenberg.

VERJAARSDAE 22-28 Maart – PERSONEEL:
Mnr Pieter Ferreira, Me Moné Coetzee, Anja Stanworth

VERJAARSDAE tot 22 -28 Maart– LEERDERS:
Le Grange Janica, Le Grange Melandie, Beuken Leopold, Calitz Ewald, Van Hees Madison, Van Der Bijl Jasper, Coetzee Ané, Du Toit Roxanne, Erasmus Alexia, Fowler Ian, Grové Megan, Janse Van Rensburg Cobus, Van Zyl Jaden Joel, Benadè Melissa, Fourie Marcus, Guthrie Dillon, Van Niekerk Alexis, Van Niekerk Nikite, Claassen Izel, Coetzee Anjè, Kuiper Liam, Nel Gerhard, Nel Izelle, Berry Ashton, Botes Herman, Herbst Pieter, Nel Luca, Oelofse Haley, Robbertse JJ, Vlietstra Ciann, Weideman Birgitte.

BELANGRIKE DATUMS:
31 Maart: Immunisasie – Gr 5 & sekere Gr 6 leerders
2 April: Goeie Vrydag
5 April: Familiedag
14 April: Gr R Opedag

WINTERDRAG/OORGANGSTYDPERK:
Leerders kan vir oorgangstydperk begin wintersdrag dra. Leipie Klerewinkel het gebruikte klere. Kontak asb die skool vir navrae. Eduwear klerewinkel het reeds Winterspakkette te koop. Sien asb inligting op D6.
Die skool het in 2020 die besluit geneem dat Gr 7 dogters lang donkerblou kouse by hul skoolrokke mag dra as wintersdrag. Dit is opsioneel, Gr 7 dogters kan ook grys langbroeke dra indien verkies. Dit geld slegs vir Gr 7 dogters.

SPORTOEFENING DONDERDAG 1 APRIL 2021:
Geen Gr 2-3 mininetbaloefening of rugbyoefening op Donderdag 1 April agv die Paasnaweek.

Woensdag 14 April 2021
15:00 - 18:00

Gr R Opedag

Om die opedag by te woon, bespreek 'n tydgleuf aanlyn:

https://forms.gle/1jcGZC9ZmQsWWSWi9

Laerskool Louis Leipoldt 012 664 5798

LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT TARIEFKAART

H/v Langebrink en Pretoriuslaan, Lyttelton, Centurion | Tel: (012) 664 5798/9 | www.louisleipoldt.co.za

Laerskool Louis Leipoldt het 'n ryk en trotse geskiedenis. Op akademiese gebied is ons 'n voorloper. Ons roem onsself as 'n baie goed gebalanseerde skool waar sport en kultuur 'n regmatige plek in ons leerlinge se opvoeding en onderrig het. Met ons ondersteunende gemeenskap en ouerkorps is dit maklik om hande te vat tot voordeel van ons leerders. 'n Dinamiese beheerliggaam sterk ons personeel se hande in die proses van kwaliteit onderrig. Akademiese, sport- en kultuurprestasies is volop en is 'n toonvenster van ons bekwame en entoesiastiese personeel, leerders wat positief deelneem en ouers wat die skool en leerlinge ondersteun. Laerskool Louis Leipoldt handhaaf hoë lewenswaardes en almal word met respek hanteer.

Indien u graag 'n adverteerder by Laerskool Louis Leipoldt wil wees, kan u gerus na ons standaard advertensiegeleenthede en ons advertensiepakket kyk.

STANDAARD TARIEWE

Advertensiegeleentheid	Koste	Termyn
Webtuiste Plasing van u maatskappy se advertensie op die skool se webtuiste met 'n skakel na u besigheid se webblad. (1120 x 237 px)	R1000	1 Volle jaar
Pamflette Die geleentheid om pamflette aan leerders en personeel by die skool uit te deel. (nie in 2020)	R1000 R1	Eenmalig Een per gesin **OF** per pamflet per groep
Plakkate Die geleentheid om 'n plakkaat op ons kennisgewingbord te plaas.	R100	Twee weke
Facebook Advertensie word op ons Facebook platform geplaas. (940 x 788 px)	R200 x 1	Eenmalig
Leerderdagboek Advertensie word in ons leerders se dagboek, wat deurlopend die jaar gebruik word, geplaas. Binneblad van u keuse (swart en wit)/ agterblad (volkeur).	R1000 (binneblad) R3000 (agterblad)	Eenmalig

Indien u 'n silwer adverteerder is, sal die onderstaande tabel aandui wat u bemarkingsgeleenthede sal wees.

SILWER PAKKET R 4000

Advertensiegeleentheid	Waarde	Termyn
Webtuiste Plasing van u maatskappy se advertensie op die skool se webtuiste op twee bladsye met 'n skakel na u besigheid se webblad. (1120 x 237 px)	R1 500	1 Volle jaar
Plakkate Die geleentheid om 'n plakkaat op ons kennisgewingbord te plaas.	R100	Twee weke
Facebook Advertensie word op ons Facebook platform geplaas.	R200 x 2	2 x plasings 'n jaar
Skoolblad Plasing van u maatskappy se advertensie verskyn 1 maal 'n jaar (Junie of November) in ons skool se skoolblad. (Visitekaartjie grootte)	R3000	1 x plasing 'n jaar

Annemaré van Rensburg | Bemarker
012 6645798
bemarking@louisleipoldt.co.za

BANKBESONDERHEDE:
ABSA Lyttelton – Tjekrek
Rek no: 600510118
Takkode: 632005